
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: DRAMA**

**VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Lucky | 1 |
| 1.1.2 | (By) Silwerkloof (Stalle)<br>*(Aanvaar ook Silwerklof)* | 1 |
| 1.1.3 | • (Hy moes sy) gemeenskapsdiens (daar doen).<br>• Wilma het gesê hy kan sy gemeenskapsdiens daar kom doen.<br>• Dit was sy straf vir die verkeerde ding wat hy gedoen het/die katjies wat hy doodgemaak/verdrink/mishandel het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.1.4 | • Sy het die selfoon gevat/gegryp/gekonfiskeer.<br>• Sy het die selfoon by haar gehou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.2 | B/kwaad | 1 |
| 1.3 | hooi/strooi/gras | 1 |
| 1.4.1 | help | 1 |
| 1.4.2 | stout | 1 |
| 1.5.1 | B/Lucky hou daarvan om Binki te terg *(tease)*. | 1 |
| 1.5.2 | E/Lucky is moeilik met Wilma. | 1 |
| 1.5.3 | A/Lucky is negatief teenoor ryk mense. | 1 |
| 1.5.4 | C/Lucky kan nie glo Binki se ma het so min tyd vir haar nie. | 1 |
| 1.6 | • Wilma het dadelik vir Lucky verduidelik watter werkies hy moes doen.<br>• Lucky het Tinkerbelle laat weghardloop.<br>• Binki het vir Lucky van Dukie vertel.<br>• Lucky het sy nommer op Binki se foon gesit.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.7 | • Lucky het nog nooit die kans gekry om diere te leer ken nie.<br>• Lucky het nie diere geken nie/nie geweet hoe om met diere te werk nie.<br>• Lucky was nog baie jonk/minderjarig.<br>• Lucky kon uit sy foute leer./Die magistraat wou sien of Lucky uit sy foute gaan leer.<br>• Dit was die eerste keer wat Lucky 'n fout gemaak het.<br>• Die magistraat wou vir Lucky help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.8 | • Hy was ongehoorsaam/het nie geluister nie.<br>• Hy het nie sy werk gedoen nie.<br>• Hy het meer aandag aan sy foon as aan sy werk gegee.<br>• Die gelui van die selfoon het die perde laat skrik.<br>• Lucky het nie respek teenoor Wilma getoon nie.<br>• Wilma gee Lucky 'n kans om sy gemeenskapsdiens op die perdeplaas te doen.<br>• Lucky is besig om sy tweede kans te bederf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.9 | • Wilma wil ...<br>○ probeer om vir Lucky goeie maniere/respek te leer.<br>○ vir Lucky die kans gegee om met diere te werk.<br>○ vir Lucky meer van diere leer/liefde vir diere leer.<br>○ hê Lucky moet verstaan dat hy nie altyd reg is in wat hy dink en doen nie.<br>○ hê Lucky moet verstaan dat hy nie net kan doen wat hy wil nie/vir Lucky die regte pad wys.<br>• Lucky ...<br>○ moet voel hy word gestraf/sy houding verander/'n beter mens word.<br>○ wou nie luister nie/het nie met respek opgetree nie/was aggressief/opstandig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | Die skrywer ...<br>• beskryf Lucky se gevoelens.<br>• gebruik woorde soos "skoorvoetend" en "uitdagend" om Lucky se houding te beklemtoon.<br>• laat Lucky self dinge sê/doen wat dit duidelik maak dat hy nie daar wil wees nie/sê dat die stalle stink/maak asof hy wil opgooi.<br>• laat Lucky vloek/kru taal/lelike woorde gebruik/lelik praat van die perde.<br>• laat Lucky sonder respek vir ander optree.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • Binki se ma ...<br>○ was dikwels weg vir werk/oorsee/te besig.<br>○ het haar geskaam vir Binki se letsels.<br>○ het liewer saam met haar baie vriende gekuier.<br>• Binki se pa het in Australië/'n ander land gewoon.<br>• Binki-hulle se huis het afgebrand.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.12.1 | Grace | 1 |
| 1.12.2 | dronkie *(Aanvaar ook dronk)* | 1 |
| 1.12.3 | 3/drie | 1 |
| 1.12.4 | korrespondensie/die pos/aanlyn | 1 |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | 'n metafoor | 1 |
| 1.14 | B/Lucky en die mense in sy lewe baie probleme het. | 1 |
| 1.15.1 | onvriendelik | 1 |
| 1.15.2 | besef dit was onregverdig om so met Binki te praat. | 1 |
| 1.16 | • Haar arms was vol letsels/littekens/merke/scars.<br>• Sy het brandwonde opgedoen/gebrand.<br>• Sy was skaam vir haar letsels/het haar letsels weggesteek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17 | • Dit was 'n ongeluk./Hulle was vriende.<br>• Hulle het gespeel/gestoei/Lucky wou Binki se selfoon gryp.<br>• Lucky het dit nie bedoel nie/wou nie hê dit moes gebeur nie/ Binki wou weghardloop (sodat Lucky nie weer haar foon kon gryp nie).<br>• Lucky het om verskoning gevra/gesê hy is jammer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18.1 | D/Kaizer aanvaar Lucky se verskoning. | 1 |
| 1.18.2 | E/Lucky verander sy kontaknaam na "Extra Lucky". | 1 |
| 1.18.3 | A/Binki aanvaar *(accept)* die situasie met haar ma. | 1 |
| 1.18.4 | C/Lady Jane en Kaizer doen wat Lucky vir hulle vra. | 1 |
| 1.19 | Lucky het ...<br>• geleer dat ander mense ook swaarkry/probleme het./hy nie die enigste mens is vir wie die lewe soms moeilik is nie.<br>• besef dat nie alle witmense ryk is nie.<br>• iets leer ken van mense se liefde vir diere.<br>• besef dat hy gelukkig is om 'n ma te hê wat vir hom omgee/tyd vir hom het.<br>• besef waarom Binki op die plaas is.<br>• Binki se situasie verstaan.<br>• geleer om sy verkeerde houding teenoor witmense te verander.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.20 | Wilma ...<br>• kon sien dat Lucky ten goede/positief verander het/'n beter persoon geword het.<br>• kon goed voel oor die feit dat die kans wat sy vir Lucky gegee het, tot sy voordeel was.<br>• het die kans gehad om oor haar eie fout/Grace te praat.<br>• kon sien dat haar idee om ander mense te help, suksesvol was.<br>• kon verstaan hoekom Lucky so negatief was.<br>• het gehelp dat Lucky verander/respek teenoor mense en diere wys.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.21 | Dit is vir my lekker om te weet dat ...<br>• 'n ander mens se lewe beter geword het.<br>• Binki se lewe beter geword het.<br>• Binki nou gelukkiger was/lekker op die plaas sou bly.<br>• Binki nie meer so skaam/bang was nie.<br>• Binki selfvertroue gekry het.<br>• Binki haarself/haar situasie aanvaar het.<br>• Binki nuwe vriende gemaak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | (In die slot lees ons duidelik dat) die krag van die perde almal se lewens beter gemaak het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING A:** | **40** |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**VERHAAL A: "DIE RAMP" – TT Cloete**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | • Die weldoener/man wat hom gehelp het/gestop het om hom te help<br>• Die man in die (klein, geel) Mini-stasiewaentjie | 1 |
| 2.1.2 | (By) Jeffreysbaai | 1 |
| 2.1.3 | • Die rooi liggie het aangegaan<br>• Die enjin was gloeiend/baie warm.<br>• Die verkoeler het losgeruk.<br>• Die verkoeler het teen die waaier gestamp.<br>• Die waaier het die verkoeler gesny.<br>• Die water het uitgelek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.1.4 | • Sy huis was daar.<br>• Hulle het daar gebly.<br>• Hy moes sy vrou op die lughawe daar kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.2.1 | die motors net verby gery | 1 |
| 2.2.2 | suksesvol | 1 |
| 2.3 | ma/vrou | 1 |
| 2.4 | C/dit besig was om lig te word. | 1 |
| 2.5.1 | C/Die verteller wou nie hê sy kinders moes bang wees nie. | 1 |
| 2.5.2 | A/Die verteller kon die weldoener vertrou. | 1 |
| 2.5.3 | E/Die verteller was bly oor die weldoener se hulp. | 1 |
| 2.5.4 | B/Die weldoener het graag ander gehelp sonder om geld te verwag. | 1 |
| 2.6 | • Die gesin het in Houtbaai vakansie gehou.<br>• Die verteller en sy kinders het alleen teruggery huis toe.<br>• Die kleinste het siek geword.<br>• Die verteller kon nie aspirien vir die kind kry nie.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.7 | • Hy het iemand gehelp wat in die nood was.<br>• Mense moet mekaar altyd probeer help as hulle kan.<br>• In die tyd van die verhaal was dit nie so onveilig om langs die pad stil te hou om ander mense te help nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.8 | • Die omstandighede was anders as gewoonlik.<br>• Die vrou was nie daar om na die kinders te kyk nie.<br>• Hy was bekommerd oor sy vrou.<br>• Die kinders het oor hulle ma gehuil/gedink hulle ma gaan dood.<br>• Die weer was sleg.<br>• Hy moes deur die nag ry.<br>• Daar het baie dinge verkeerd geloop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9 | Ek het geleer dat ek …<br>• nie net aan myself moet dink nie.<br>• mense moet help as ek kan.<br>• nie iets moet terug verwag nie.<br>• mense nie in die steek moet laat nie/moet doen wat ek gesê het ek gaan doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10 | • Die weldoener se dood is die eintlike/grootste ramp.<br>• Die titel verwys eintlik na die weldoener se dood.<br>• Die weldoener se dood was die laaste van baie rampe wat tydens die verteller se reis gebeur het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.11 | 'n vergelyking | 1 |
| 2.12 | B/mekaar leer ken het toe hulle al oud was. | 1 |
| 2.13 | • Hulle het altyd met Jakob se motor gery.<br>• Willem het vir Jakob geld vir brandstof gegee.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.14.1 | treindrywer | 1 |
| 2.14.2 | (landbou)koöperasie | 1 |
| 2.14.3 | Sarah | 1 |
| 2.14.4 | Vyf/5 | 1 |
| 2.15.1 | E/Die een wat eerste sterf, moes vir die ander een 'n teken kom gee. | 1 |
| 2.15.2 | A/Jakob het vir Willem gevra om van die ooreenkoms te vergeet. | 1 |
| 2.15.3 | B/Jakob het begin dink daar is nie lewe ná die dood nie. | 1 |
| 2.15.4 | C/Die whiskybottel se prop het presies om halfses losgedraai. | 1 |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.16.1 | hartseer | 1 |
| 2.16.2 | het sy vriend gemis | 1 |
| 2.17 | Jakob was bang hulle …<br>• lag vir/spot/terg hom<br>• skinder.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.18 | Jakob het die sleutel in sy sak gebêre. | 1 |
| 2.19 | • Jakob het gedink hulle is laf/lastig.<br>• Jakob het reeds twee vrouens gehad.<br>• Jakob wou nie weer trou nie/wou alleen op sy kooi lê.<br>• Jakob en Willem het saam besluit om vrouens uit te los.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.20 | • Jakob was nie meer bang nie/het dadelik met Willem gepraat.<br>• Jakob het nou geweet daar is lewe na die dood.<br>• Willem het die ooreenkoms nagekom/gedoen wat hulle besluit het hulle sou doen.<br>• Jakob kon nou oor Willem treur soos dit hoort.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.21 | • Hulle het gewys dat hulle omgee.<br>• Hulle het geweet hy is baie hartseer oor sy vriend se dood.<br>• Hulle het vir hom gesorg omdat hy te hartseer was om dit self te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.22 | Die skrywer ...<br>• vertel reg van die begin af dat Jakob en Willem soos broers was.<br>• beklemtoon dat jy nooit te oud is om 'n goeie vriendskap/ vriendskap van broederliefde te ontwikkel nie.<br>• vertel dat Jakob en Willem alles gedeel het.<br>• vertel dat Jakob en Willem oor alles kon praat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: "LEUENS" – CM van den Heever**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Olga/Naomi se vriendin | 1 |
| 3.1.2 | (By) Olga se huis | 1 |
| 3.1.3 | • Olga het haar genooi (om te kom kuier).<br>• Sy het 'n afspraak met Olga gehad.<br>• Naomi wou nie dat Olga sien waar sy bly nie.<br>• Hulle het mekaar tien jaar laas gesien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.1.4 | Olga het gesê sy sal haar wegbring/huis toe vat.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.2 | Vrededorp | 1 |
| 3.3.1 | goeie | 1 |
| 3.3.2 | onverantwoordelik | 1 |
| 3.4 | B/nie die waarheid kon vertel nie. | 1 |
| 3.5.1 | B/Naomi se vriendin was bly om haar te sien. | 1 |
| 3.5.2 | A/Naomi se man was kwaad omdat sy wou gaan kuier. | 1 |
| 3.5.3 | D/Die buurvrou se woorde het Naomi geïrriteer. | 1 |
| 3.5.4 | E/Naomi het besef dat hulle nie meer vriendinne kan wees nie. | 1 |
| 3.6 | • Naomi het gesukkel om vir haarself 'n rok te maak.<br>• Naomi het met die bus Saxonwold toe gery.<br>• Naomi het in die reën huis toe gestap.<br>• Naomi se seuntjie was bly om haar te sien.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.7 | • Sy het haar seuntjie gesoen/gedruk voordat sy uit die huis gegaan het.<br>• Sy wou haar seuntjie fyn opvoed/in 'n goeie omgewing laat grootword.<br>• Sy was bekommerd oor die slegte taal wat hy aangeleer het.<br>• Sy sou sonder mooi klere klaarkom om haar kind te versorg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.8 | • Die kuier by Olga was nie iets wat Naomi elke dag gedoen het nie./Die man moes Naomi die tyd gun om by haar vriende te kuier.<br>• Die man kon vir homself en die kind kos gemaak het.<br>• Die man het ander vir die gesin se slegte omstandighede blameer/homself bejammer.<br>• Die man was nie regtig bekommerd oor Naomi laat was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | Ek het geleer dat ...<br>• dit beter is om die waarheid te praat/nie leuens te vertel nie.<br>• die waarheid altyd uitkom/mense agterkom as jy lieg.<br>• as 'n mens eers een leuen vertel het, moet jy dikwels aanhou om te lieg.<br>• jy later skaam kry vir jouself omdat jy lieg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | In die slot lees ons dat Naomi vrede gemaak het met haar lewe.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.11.1 | getrou | 1 |
| 3.11.2 | vriende/familie | 1 |
| 3.11.3 | siek | 1 |
| 3.11.4 | klere | 1 |
| 3.12 | klanknabootsing | 1 |
| 3.13 | • Oom Apie het sommer oornag weer geloop as hy klaar was met sy werk./Oom Apie het geloop voordat die mense hom kon betaal.<br>• Oom Apie het werkies gedoen omdat hy wou/sonder om betaling te verwag.<br>• Oom Apie het die werkies gedoen as betaling vir sy verblyf by mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.14 | • Oom Apie het langs die pad op die stoel gerus as hy moeg geword het.<br>• Dit was vir oom Apie moeilik om op die grond te sit./Daar was nie altyd klippe langs die pad waarop hy kon sit nie.<br>• Hy het in sy stoel geslaap.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.15 | C/stories vertel het wat nie altyd heeltemal waar was nie. | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.16.1 | E/Die kontrei se mense het baie gepraat oor al die snaakse dinge wat oom Apie gedoen het. | 1 |
| 3.16.2 | A/Aan die begin van elke maand het hy sewe klein spoelklippies ingesluk. | 1 |
| 3.16.3 | D/Oom Apie het nie niks van geld gehou nie. | 1 |
| 3.16.4 | B/Oom Apie het homself uit die krisis met sy jeugliefde gekry. | 1 |
| 3.17 | Oom Apie se jeugliefde was veertig jaar lank met die boer getroud.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.18.1 | ernstig | 1 |
| 3.18.2 | dit so wou hê | 1 |
| 3.19 | • Hy kon kom en gaan soos hy wil/was vry.<br>• Hy het geen verantwoordelikhede gehad nie/kon doen wat hy wil.<br>• Hy was oral welkom.<br>• Hy het nie baie geld nodig gehad nie.<br>• Hy het nie die frustrasies/probleme van 'n vaste werk gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.20 | • Sy jeugliefde het vir hom gesê sy gaan sy geheime uitlap as hy nie met haar trou nie.<br>• Sy jeugliefde wou hom dwing om met haar te trou.<br>• Sy jeugliefde het van hom verwag om sy lewe as swerwer prys te gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.21 | Ek kan respek daarvoor hê, want ...<br>• oom Apie en die verteller se ouers kon mekaar vertrou.<br>• oom Apie het gevoel hy kan sy probleme met hulle bespreek/het mense gehad met wie hy oor sy probleme kon praat.<br>• die verteller se ouers het vir oom Apie goeie raad gegee, (al wou hy dit nie hoor nie).<br>• al was die verteller nuuskierig, het sy ouers nooit vir hom die waarheid oor oom Apie se stories vertel nie.<br>• die verteller se ouers het nie oom Apie se sake met ander bespreek nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.22 | Die skrywer ...<br>• vertel reg van die begin af dat oom Apie anders was.<br>• gebruik die woord "anders".<br>• gee verskillende voorbeelde van oom Apie se andersheid, bv. dat hy spoelklippies gedrink het, ens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING B:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **40** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou